24 NOV 1961
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
**Vol. 1 No. 26**

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Mayor's Parlour,
27th October, 1961.

## ESTIMATES FOR 1962

The Council considered draft estimates for the year 1962 at a Special Meeting held on 24th October. The items of expenditure were adopted with certain amendments, and details will in due course be made known for the information of the ratepayers, and in order to comply with the requirements of the law.

The Council has had to observe strict economy for reasons mentioned in my previous review. All new municipal works, until they can be used to maximum capacity, impose heavy burdens on the ratepayers.

A new item on the estimates is provision for a payment into a "revolving" fund, as provided for in Ordinance No. 15 of 1961, promulgated on the 25th August, 1961. According to this Ordinance the Council shall provide in its annual estimates for payment into its revolving fund, for an excess of revenue over expenditure of an amount not less than the equivalent of the product of a rate of one-tenth cent per rand on all rateable property. The Ordinance further provides that into the revolving fund, which every Council must establish, must be paid any money in its possession, or be received by it after the promulgation of the Ordinance. The money in the revolving fund may be advanced only on loan for the purpose of meeting the Council's capital expenditure, subject to the terms of any approval given by the Administrator for the loan.

The old land sales account will therefore cease to exist.

The above appear to me to be the main points of the Ordinance, which naturally contain many detailed provisions which space will not allow me to include in this review.

## LEASES OF MUNICIPAL LANDS

The resale of the leases of municipal lands has occupied the Council for a long time. There are such strong ties with the farming community in a town like Stellenbosch, that there is bound to be a great deal of sympathy with the farmers. At the same time, however, the Council as the body to whom the ratepayers have entrusted the management of their affairs,

must protect their interests as best it can. Stellenbosch indeed cannot ignore this duty.

I sincerely hope that time will prove that the Council has not been unreasonable, that there will be prosperous times ahead for the farmers and that the Municipality also will emerge from the present financial stringency and enter a period when its burdens will be lighter.

**PHILLIMORE HOUSE TO BECOME GROSVENOR HOUSE AGAIN**

Now that the Phillimore Ives Memorial Collection has gone, there appears to the Council to be no justification for retaining the name Phillimore House. The history of the property has been written by Mr. J. van der Byl with characteristic accuracy, and there is nothing in the history which appears to justify a new name. Hence the decision to revert to the time-honoured name of Grosvenor House.

The decision to establish a new type of museum has been taken by the Council. The Administrator has been requested to extend the application of the Museums Ordinance to Stellenbosch. If the Administrator approves, the Provincial Administration will cause an inspection to be made of the premises. The scheme as a whole will be considered, particularly the subsidies that could be granted. This is important.

**FURTHER GIFTS FOR THE FUTURE MUSEUM**

On behalf of the Council I express my sincere thanks to Mr. and Mrs. A. B. de Villiers for the gift of a clock, also to Councillor C. M. Booysen for the gift of two cups and saucers, the first to have been made in South Africa.

A generous offer of five paintings has been made by Mrs. Spurrier who is at present in England, but will be coming to South Africa soon. She is prepared to present the paintings to the Municipality unconditionally.

The Council expressed its sincere appreciation of the gesture and looks forward to discussing the matter with Mrs. Spurrier. She will be cordially invited to come to Stellenbosch.

**MUNICIPAL STORES AND WORKSHOPS**

A further scheme to accommodate municipal vehicles and stores for the various departments has been accepted in principle by the Council. Plans were submitted and instructions have been given that the matter be proceeded with, so that tenders can be called for as soon as possible. The buildings are to be erected on municipal land known as Patatskloof, to the health department are already established there.
the north-east of Simonswyk. The forestry department and

**INFLUX OF NATIVE WOMEN: A WARNING**

The Council has received a report to the effect that quite a number of native women, not all registered, are in employment at Stellenbosch. I must sound a note of warning that no

native women should be employed before the laws have been complied with. It is necessary to remember that not only the native women, but also those who employ them in this way, are open to prosecution for an offence against the Native Urban Areas Act.

**OPENING AND CLOSING HOURS OF THE MUNICIPAL OFFICES**

As from the 1st November, 1961, and until further notice, the municipal offices will be open from 8.00 a.m. to 12.45 p.m. and from 2.00 p.m. to 4.30 p.m.

**THE UNIVERSITY SWIMMING BATH**

I am glad to be able to announce that arrangements have been made with the University for the use of the University swimming bath by the public during the University holidays, a privilege which is greatly appreciated.

---

10 November 1961.

**DRANKVERSKAFFING AAN BANTOES.**

Hierdie belangrike saak het op die Raadsvergadering van 24 Oktober 1961 voorgekom en is sorgvuldig bespreek. Die Raad het aanvaar dat, soos in die Drankwysigingswet nr. 72 van 1961 uiteengesit, dit die beleid van die regering is dat „blanke drank" ook aan Bantoes verkoop mag word.

Alle buiteverbruik-gelisensieerdes en buiteverkopers sal deur die Wet gemagtig word om drank aan Bantoes te verkoop. Die Minister is gemagtig om aan enige persoon, d.w.s. blank of nie-blank, die nodige magtiging te verleen om „blanke drank" aan Bantoes te verkoop, onderhewig aan voorwaardes deur hom voorgeskryf. Ook plaaslike besture kan aansoek om magtiging doen.

Nadat die saak in al sy aspekte breedvoerig ondersoek is, het die Raad besluit dat dit in die openbare belang is dat die Raad veral in die beginstadium aansoek moet doen om 'n lisensie vir „binnegebruik" in Kaya Mandi. Dit sal beteken dat die Raad op 'n bepaalde perseel „blanke drank", wat alleenlik op die perseel gebruik mag word, aan Bantoes sal verskaf. Daar sal geen reëlings deur die Raad getref word vir buiteverkope nie. Daar is ook uitdruklik besluit dat op die perseel in Kaya Mandi kafferbier verskaf moet word.

Enige profyt moet weer tot voordeel van die Bantoes in die lokasie aangewend word.

**RESTOURASIE VAN OU UTOPIA**

Stellenbosch sal bly wees om te verneem dat die gebou op die hoek van Drostdy- en Dorpstraat, bekend as **Ou Utopia**, deur die Kerk herstel gaan word. Onlangs nog het dr. Punt van die Stigting Simon van der Stel, Stellenbosch lof toegeswaai vir die pogings om geskiedkundige en ou geboue — daarmee ook die unieke karakter van die dorp — vir die nageslag te bewaar.

Ek wil graag uit naam van die publiek my blydskap en waardering te kenne gee teenoor die Kerk en die Kerkraad, wat hulle in hierdie belangrike saak met die pogings van die Stadsraad vereenselwig het.

Planne wat tot in die fynste besonderhede deur die argitekte opgestel is, is deur die Raad goedgekeur. Ek sien daarna uit dat die gebou wat as 'n ouetehuis gedien het, in al sy oorspronklike sierlikheid sal herrys.

**BRIEF VAN BEDANKING**

Op 'n vergadering van die Raad is daar onlangs 'n brief gelees waarin 'n belastingbetaler sy dank en waardering teenoor die Superintendent van Waterwerke uitspreek, nadat laasgenoemde hom uit 'n moeilikheid gehelp het. 'n Waterpyp het naamlik gedurende die nag op sy eiendom gebars.

Net soos al die lede van die Raad, was ek bly om te verneem dat die beampte hulpvaardig was en daardeur sy getrouheid teenoor die Raad en die publiek bewys het. Ek het dit ook baie op prys gestel dat die betrokke eienaar die moeite gedoen het om aan die Raad te skryf.

In hierdie besondere geval was die Superintendent van Waterwerke gelukkig dadelik per telefoon beskikbaar. Daar mag egter ook gevalle voorkom, waar hy reeds met dringende sake elders is. In so 'n geval doen ek aan die hand dat met die kragsentrale (telefoon 112) geskakel word, waar daar steeds 'n beampte op diens is. Van die kragsentrale kan moontlik per radio met die beampte in verbinding getree word.

**BRANDGEVAAR**

Die somer nader en ons wêreld word al hoe droër. Daarmee neem die brandgevaar toe. Ek is versoek om ook hierdie jaar 'n beroep op almal te doen wat erwe of oop onbewerkte grond besit, om tog te sorg dat hulle nie 'n bron van gevaar vir die dorp word, sodra die gras of bossies daarop droog geword het nie. Vir dié wat dit onmoontlik vind om oop gronde self te laat skoonmaak, wil ek aanbeveel dat hulle die Bosboubeampte nader. Hy kan reëlings tref om die werk op koste van die eienaars te laat doen. Die medewerking van die publiek om brande **dadelik** aan te meld sal ook op prys gestel word.

**LEIWATER**

Die Raad het besluit om weer leiwater van 1 November 1961 in die slote, wat die eiendomme van oewer-eienaars bedien, te laat loop. Die publiek word gevra om tot verdere kennisgewing by die tye wat verlede jaar gegeld het, te bly. Kennisgewings sal binnekort uitgestuur word. In gevalle waar daar onsekerheid bestaan, kan inligting by die kantoor van die Stadsingenieur verkry word.

S. W. J. LIEBENBERG.



PRO. EC.